

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 21 May 2018
Page: 15

AVE: 16589.14
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Verwag nóg vonke in netballiga

Annchen Nel

Die Rembrandt-saal by die Universiteit van Pretoria se L.C. de Villiers-terrein gaan volgende week 'n verhoog wees waarop vonke spat, wanneer die enigste twee onoorwonne netbalspanne in die Premierliga mekaar Saterdag daar pak.

Sowel die Jaguars van Noord-Gauteng as die Vrystaatse Crinums het die afgelope naweek in Johannesburg hul onoorwonne status behou. Ná vier wedstryde spog albei met agt ligapunte.

Die Jaguars het Saterdag hul buurstryd teen die Gauteng Fireballs met 46-36 gewen en was Vrydag met 70-32 te sterk vir die Baobabs.

In nóg 'n buurstryd was die Crinums gister met 76-23 baas teen die Diamonds van die Noord-Kaap. Saterdag het hulle die Kingdom Stars van KZN met 55-35 geklop.

Die Noord-Gautengers gaan nou 'n nog gevaarliker span word, want die volgende vier naweke speel hulle tuis op die Tuks-kampus.

Hulle het Saterdag teen die Fireballs in die eerste helfte gesukkel om beheer te neem, maar ná rustyd die kettings gebreek en die Fireballs se hoop op 'n sege verbrysel.

Jenny van Dyk, die Jaguars se afrigter, sê die telling was nie 'n ware weerspieëling van hoe taai die wedstryd was nie.

"Ek dink Izette Griesel (senter) en Jasmine Ziegelmeier (verdediger) het veral uitgeblink, en die 18-jarige Danielle van Zyl het 'n groot verskil gemaak toe ek haar op hulpdoel ingespan het."

Die Flames van Noordwes en die Wes-Kaapse Stings is gesamentlik derde op die punteleer, met ses punte ná drie oorwinnings elk.




Vanes-Mari Proudfoot van die Flames reik gister na die bal terwyl sy uitgedaag word deur Zeadine Januarie van die Aloes.
Foto: BACKPAGEPIX

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.